REëLS TEN OPSIGTE VAN NASORGSENTRUM

1. Die nasorggeld is **R520,00** maandeliks vooruitbetaalbaar.
2. Nasorgsentrum open op **7 Januarie 2019** om **07:00**.
3. Nasorggeld is betaalbaar vir 12 maande van die jaar, met die eerste betaling op 9 Januarie 2019 (vir Januarie) en die laaste betaling op 3 Desember 2019 (vir Desember). Fooie vir leerlinge wat die vakansie van die sentrum gebruik maak is by die maandelikse paaiement ingesluit. Geen ekstra fooie is betaalbaar vir vakansies nie. Die nasorgsentrum sal op **13 Desember 2019** sluit.
4. Nasorggeld is vooruitbetaalbaar en moet voor of op die 3de van elke maand betaal word. Sou fooie teen die 3de van die maand uitstaande wees, behou Fochie Nasorgsentrum die reg voor om u kind/ers toegang tot die skool te weier, tot en met die betaling van alle uitstaande gelde. Fochie Nasorgsentrum behou die reg voor om u kind/ers se inskrywing, sonder benadeling van Fochie Nasorgsentrum se regte, te kanselleer, sou laat betaling van fooie gereeld voorkom.
5. Daar is geen afslag of terugbetaling as u kind/ers nie skooltoe kan kom vir ‘n paar dae nie, as gevolg van siekte of vakansie.
6. Ons nasorgfasiliteit maak voorsiening vir Pre-Gr R, Gr R, Gr 1, Gr 2, Gr 3, Gr 4 en Gr 5.
7. Ons het ‘n goedtoegeruste nasorg met uitstekende fasiliteite.
8. Hierdie fasiliteit is daar vir leerders wie se ouers half-/voldag werk.
9. Ons missie is om ‘n veilige en kindervriendelike omgewing vir u kind te skep. Hierdie tuiste moet ‘n gelukkige, veilige “speelsentrum” vir u kind wees sodat hy/sy na die harde “arbeid” van die dag op ‘n gesonde en vreugdevolle wyse sy skooldag kan afsluit.
10. ‘n Ligte middagete kan daagliks voorsien word teen ‘n ekstra tarief en kan gereël word met Me. Yvonne Venter.
11. Geleentheid word geskep om huiswerk te doen tydens vasgestelde studietyd.
12. Daar is ook geleentheid om deel te neem aan buitemuurse aktiwiteite.
13. Voldoende noodhulp is beskikbaar.
14. Benodighede wat asb voorsien moet word (Januarie, April, Julie, Oktober):
    * Aanmaak koeldrank: 1 bottel per maand.
15. U as ouer word vriendelik versoek om by die reëls en dissiplinêre kode van die nasorg te hou, sowel as by die onderskeie veranderings wat van tyd tot tyd daaraan gemaak mag word.

NASORGTYE:

13:00 – 17:00 Gedurende die skoolkwartaal
07:00 – 17:00 Gedurende skoolvakansie

- Ek het al die reëls en regulasies deurgelees en verstaan wat uiteengesit is in hierdie dokument.
- Ek sal nie Fochie Nasorgsentrum verantwoordelik hou vir enige ongeluk of besering wat met my kind kan gebeur terwyl hy/sy op Fochie terrein is nie.
- Ek beloof om te hou by die betaal van nasorggelde en as ek versuim om te betaal, Fochie Nasorgsentrum die reg het om die nodige stappe te neem.

_____ _____
Handtekening van Moeder/Voog Datum

_____ _____
Handtekening van Vader/Voog Datum

_____ _____
Handtekening van Getuie Datum